



## 'n Saluut vir 80 jaar van seën!

Teken in om 'n skakel na blitspos te ontvang

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk [www.nhka.org](http://www.nhka.org)

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

**Die NHSV se 80ste bestaansjaar word gevier op 22 Mei 2020 in 'n tyd waarin 'n pandemie ons opnuut bewus maak van volhoubare barmhartigheidsdiens. Hierdie besondere mylpaal in die bestaan van die NHSV herinner my aan die woorde van Filippense 1: 3 – *Ek dank my God elke keer as ek aan julle dink.***

Wanneer ons kyk na die rol van die NHSV en **armoedeverligting** in ons Kerk oor 80 jaar, sien ons dat dit eintlik reeds na die Tweede Vryheidsoorlog in die vroeë 1900's begin het. Tydens en na twee wêreldoorloë en met die depressiejare wat daarop gevolg het, het die vroue in die Kerk na behoeftiges in gemeentes en die samelewing uitgereik met basiese benodighede soos kos en klere, en omgesien na die emosionele welstand van lidmate. In tye van voor- en teëspoed sien ons die goue draad van onbaatsugtige dienswerk van NHSV vroue in die Kerk.

Vir agt dekades reeds, met 48 Nasionale Kongresse en vele streeksbyeenkomste, is die NHSV 'n tuiste waar vrouelidmate geestelik versorg en bemagtig word vir hul dienswerk om persone in nood te versorg, die belange van elke gemeente en die Kerk te bevorder, en fondse in te samel om die **doelstellings van die NHSV** te bereik. NHSV streeksvoorsitters en streeksbesture reik op grondvlak uit na vrouelidmate in gemeentes om onderlinge verbondenheid te bewerkstellig met die NHSV se leuse: *Wees 'n seën.*

Die NHSV doen baanbrekerswerk op die terrein van **bejaardesorg** met die oprigting van vyf Monumenttehuise in die 1950's en daarna. Hierdie tehuise voorsien in behuising sowel as die versorging van verswakke bejaardes en bejaardes met demensie. NHSV takke dien in die tehuisbesture en lewer diens aan bejaardes deur middel van besoeke, kuiergeleenthede, gebak en hulp met fondsinsamelingsprojekte. Vandag is hierdie vyf tehuise deel van die OTMT-groep van tehuise en is NHSV takke steeds aktief betrokke by bejaardesorg in die Kerk.

Betrokkenheid by **jeugwerk** begin reeds by die stigting van die NHSV deur die insameling van fondse vir beurse vir teologiese studente vanaf 1943, waarna dit uitgebrei word vir maatskaplike werk en daarna verander word na beurse en lenings vir studente in die NHKA in alle studierigtings. Vandag nog word jaarliks toekennings gemaak aan nagenoeg 60 studente in ons Kerk in alle studierigtings. Trustfondse wat deur die NHSV Hoofbestuur ingesamel en belê is, stel ons in staat om na 80 jaar steeds ons doelstellings binne die Kerk en gemeenskap uit te leef.

**Publikasies** van die NHSV kom tot stand met die druk van *Die Christelike Vrou* vanaf September 1943. Verskeie redakteurs en redaksieledes vanuit NHSV geleedere publiseer aktuele artikels vir Christenvroue van toeka af tot nou. Sedert die NHSV se webblad [www.nhsv.org.za](http://www.nhsv.org.za) in gebruik geneem is in Februarie 2006, kry die NHSV se vele publikasies nou ook blootstelling aan 'n wyer leserspubliek. Die NHSV Dagbestuur vervang die NHSV Toerustingslêer van takke met 'n nuwe publikasie, *Vroueflitse*, vanaf April 2016, met artikels vir die toerusting van ons vrouelidmate van vandag.

Hierdie vroue is steeds met ons in die Kerk en ons dank God vir elkeen van hulle wat 'n verskil maak in huishoudings, by skole, in hospitale, by die kerk en in gemeenskappe in ons land. Hierdie vrou leef met 'n liefde vir haar medemens, is 'n anker deur onbaatsugtige dienslewering, en het 'n passie vir die NHSV!

Ons salueer elkeen van hierdie vroue vir 80 geseënde jare van NHSV dienswerk! Met die woorde van Dawid in Psalm 16: 6 (OAV) – *...ja, my erfenis is vir my mooi* – gaan ons die toekoms tegemoet!

## Ons barmhartigheidswerk gaan voort

Die inperkings weens Covid-19 bring ongelukkig groot ekonomiese verlies vir baie mense mee. Talle mense, ook lidmate van die Hervormde Kerk, het reeds in die afgelope ses weke hul werk of werksgeleentheid verloor, of word weens die regulasies verhinder om soos gewoonlik 'n inkomste te verdien. Dit is verblydend om te verneem van baie gemeentes wat hulp verleen aan mense in nood, ook gemeentes wat vantevore nog nooit regtig met voedselnood te doen gehad het nie.

Ongelukkig bied die inperkings ook al hoe meer geleentheid vir fopnuus wat via sosiale media versprei. Dit sluit berigte in dat die owerhede kerke verhinder om barmhartigheidswerk te doen. Ten spyte van bekommernis oor enkele uitsprake dat die owerhede alle noodlenigingswerk wil sentraliseer of reguleer, bevestig ds Gerhard Stoltz, sekretaris van die Algemene Diakensvergadering, dat al ons gemeentes nog sonder inmenging hul liefdesdiens kon verrig. Daar is groot waardering vir elke gemeente wat in eie kring vir mense in nood sorg, en ook vir gemeentes wat planne maak om hulp by ander mense in nood uit te kry. Ons dien soos Christus ons geleer het.

Gemeentes wat uitreik na gemeenskappe in nood, moet asseblief net altyd toesien dat al die toepaslike regulasies wat die samekoms van groepe mense verbied en goeie higiëne wil verseker, nagekom word.

## Lief en leed

- **Louise Hertzog**, dogter van ds Colin en Annelie Hertzog van Middelburg-Noord, is Saterdag 14 Maart op die Hertzogs se familieplaas, West End, in die Kalahari, met Marno van der Meulen getroud. Baie geluk aan die egpaar!
- **Mev Hester Labuschagne**, vrou van dr Kobus Labuschagne (emeritus), is opgeneem in die hoërsorgafdeling van Pretoria-Oos Hospitaal na 'n beroerte. Ons bid dat sy spoedig en volkome sal herstel.



- **Die volgende predikante verjaar tot 22 Mei, en word hartlik geluk gewens:**

- Donderdag 14 Mei: Di WJJ (Willem) Kok (Potchefstroom) en PJ (Pieter) Uys (siekte-emeritaat)
- Saterdag 16 Mei: Di EM (Liza) Jansen (Witbank-Suid) en AC (André) Swanepoel (Derde Kruis)
- Maandag 18 Mei: Di MS (Marissa) Kidson (Pretoria-Wes) en CJ (Stoffel) Smit (emeritus)
- Woensdag 20 Mei: Di HJ (Hendrik) Odendaal (emeritus), T (Theuns) Snyman (emeritus) en dr PJ (Piet) van Zyl (Ermelo)

- **#hoop vir almal. Voorbidding vir Bybelgenootskappe**

- **Viëtnam** het behoefte daaraan dat God se Woord sal wortelskiet in die land en dat mense oor die geslagte heen die Bybelse beginsels sal leer en dit hul eie sal maak.
- **Kambodja** is besig met projekte soos *Kinders van die Woord* en *Lewende Woord vir elkeen*.
- **Laos** vra voorbidding vir hul geletterdheidsprojekte asook vir die opleiding van plaaslike personeel.



Hierdie noodnommer is beskikbaar om dringende sake gedurende die Covid-19-noodtoestand in Suid-Afrika onder die aandag van die lede van die Bestuurskomitee te bring: 066 109 8308.

## Gemeentes en bediening

- **Kategese in die inperkingstyd:** Die Bestuurskomitee vir SENTIK het kennis geneem van versoeke dat hulp gebied moet word vir ouers om self die kategeese van hul kinders waar te neem tydens die tyd van inperking. Omdat die geestelike opvoeding van ons jongmense ons na aan die hart lê, het ons besluit om elke week een les van elke ouderdomsgroep se handleiding vir kategete op die webwerf van die Kerk beskikbaar te stel. Die idee is dat ouers hierdie les gebruik om saam met hul kinders deur die lessies in hul kategesehandleidings te werk. Ons gaan begin by Les 7, waar die meeste klassies se lesse min of meer sou opgehou het met die aanbreek van die inperking. Ouers kan die lesse bekom by die volgende skakel: <https://nhka.org/hulpbronne-gemeentes/>
- **Gemeente Bloemfontein-Wes** is op 6 Augustus 1970 gestig, en vier dus vanjaar hul **50-jarige bestaan**. Die **feestyd** strek van **6 tot 9 Augustus 2020**. Alle oudlidmate is hartlik welkom om die geleentheid by te woon. Hiermee ook 'n vriendelike versoek dat indien daar oudlidmate is wat foto's en ander memorabilia van die gemeente in hul besit het, hulle dit vir die gemeente beskikbaar sal stel vir gebruik tydens die feestyd. Rig navrae aan die skriba, oudl Willemien Bloem, by [wilred6@gmail.com](mailto:wilred6@gmail.com) of die kerkkantoor by [nhgbw@lantic.net](mailto:nhgbw@lantic.net). Meer inligting sal later volg.

## Vergaderings

**Belangrik: Bevestig vooraf dat beplande byeenkomste wel sal plaasvind, in die lig van Covid-19.**

- Donderdag 14 Mei: ADV Finkom  
Rata Bestuur
- Vrydag 15 Mei: Moderamen
- Woensdag 20 Mei: ADV Dagbestuur
- Vrydag 22 Mei: TOIBO Ledevergadering

## Kerklike publikasies



## Barmhartigheid

- **Gerrieshof in Rustenburg** het 'n **eenslaapkamerwoonstel** vir 'n bejaarde persoon beskikbaar teen R2 306 per maand. Dit is 'n ruim grondvloereenheid. Kontak mev Hannelie Fourie by 012 325 1857 x202.
- **Huis Frans Boshoff in Brooklyn** het 'n **eenslaapkamer-woonregeenheid** vir bejaarde persone beskikbaar teen R366 160 en 'n maandelikse heffing van R2 970. Die woonstel is geleë op die perseel van Machteld Postmus, naby winkelsentrums. Verskeie dienste word gelewer. Kontak mev Hannelie Fourie by 012 325 1857 x202.

- **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamergeriewe met drie etes per dag teen R4 435 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Vicky Muller by 012 386 5310.
- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het tans plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakte bejaardes teen R9 760 per maand. 'n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24-uur-versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Behuisingsfasiliteite teen R5 990 per maand is ook beskikbaar op dieselfde perseel; dit sluit drie etes en weeklikse wasgoed en skoonmaak van kamers in asook gratis deelname aan sosiale programme. Vir meer besonderhede, skakel matrone Teresa Broodryk by 056 811 2185.
- **Seniordal-aftreeoord**  
Kieserstraat 126, Rietondale  
2 eenslaapkamerwoonstelle te koop teen R520 000  
1 eenmanwoonstel te koop teen R510 000  
1 eenslaapkamerwoonstel te huur  
Navrae: Ansie Joubert 012 329 4318 / 084 920 8723



## 'n Gedig

Die gaste is weg, die huis aan die kant en steriel;  
die kinders gaan iewers hul gang. Net dun vingers lig  
trek soggens en saans in hul kamers 'n streep oor die spieël,  
betas ou versierings, versigtig en sonder gerug.

Vou die koerante weg en gesels met my.  
Sit die blaai vol nuus wat niks kan hernu, opsy  
en lees in my oë die hoofletter-opskrif van vrees.  
Troos en omhels my, beloop: al is baie verby  
wat pynig, verheug en verryk, daar steeds baie sal wees.

**Olga Kirsch**  
(Uit: *Geil gebied*, 1976)

## Toerusting

- Die **akademiese konferensie van die Bybelgenootskap** wat vir Donderdag 23 Julie by die Fakulteit Teologie en Teologiese Skool Potchefstroom beplan was, **vind nie meer plaas nie**. Dit gaan nou virtueel gedoen word, en inligting daarvoor sal later bekendgemaak word.
- Die **leierskapskursus Netwerke vir Nou**, aangebied deur die Skool vir Sosiale Innovasie by Hugenote Kollege, bestaan uit twee fases, naamlik die selfstudiegedeelte Fase 1: Inleiding, en Fase 2: Die Kursus. Laasgenoemde is bykomend en geïntegreer met Fase 1.

Fase 1 se gidsdokument dien as basis vir die sessies wat sal fokus op samewerkende leierskap en sosiale innovasie as netwerkleiers. Die voltooiing van Fase 1 is egter nie 'n vereiste om met Fase 2 voort te gaan nie. Fase 2 bestaan uit 3 x 2-uur-afstandsonderrigingsessies wat met Zoom of Skype aangebied sal word onder die dekaan, prof Erwin Schwella, se begeleiding. Die 3 x 2-uur-sessies sal **vanaf einde Mei tot middel Julie 2020** plaasvind op datums en tye wat deelnemers pas. **6 VBO-krediete kan verdien word.**

Die kursuskoste is R499 per deelnemer; as twee deelnemers saam inskryf, is die koste R799 vir die twee; as drie of meer deelnemers saam inskryf, is die koste per deelnemer R300.

Om as deelnemer te registreer, kontak prof Schwella by [deanssi@hugenote.com](mailto:deanssi@hugenote.com) of Ulrike Hanekom by [ulrike@civinovus.co.za](mailto:ulrike@civinovus.co.za). Kyk intussen na 'n video oor die kursus by: [https://www.youtube.com/watch?v=\\_fCVmElpeSE&t=149s](https://www.youtube.com/watch?v=_fCVmElpeSE&t=149s).

- **Brugbedieningskursus by UP**  
**Week 1: 27-30 Julie**  
**Week 2: 9-12 November**  
 Kursusleier: Prof Malan Nel  
 Koste: R2 500 (BTW ingesluit)  
 Plek: UP  
 Kursuspunte: 70  
 Navrae: Hesmarie Bosman, 012 420 4952 / [hesmarie.bosman@up.ac.za](mailto:hesmarie.bosman@up.ac.za)

## Fondsinsamelings

- **Gemeente Sasolburg-Suid: Wind-Ex September/Oktober (datum later bepaal)**  
 Gesinspretdag en windbukskompetisie  
 Wen besondere mes – kaartjies R30 elk  
 Skakel Tobie by 083 327 1500 om deel te neem  
 Wenner word aangekondig op die gesinsdag



- **Plesion en Rata Maatskaplike Dienste**  
**Wen 'n motor: Datsun Go ter waarde van R154 000**  
 Koop 'n pakket van 200 (R5 000), 50 (R2 500) of 70 (R3 500) boekies  
 Maak wins van 75% of 50%  
 Hou jou eie kompetisie en trek jou finaliste voor Augustus 2020  
 1 wenner uit elke pakket dring deur na finale sleutelpasgeleentheid  
 Finale sleutelpas op Rata se DRIVE FOR A CHILD Gholfdag  
**Later vanjaar by Silver Lakes (nuwe datum sal bepaal word)**  
**Meer inligting:** Ds Stephen de Beer (074 658 4630 / [gsdebeer@gmail.com](mailto:gsdebeer@gmail.com))  
 Diak Andries Pretorius (081 466 8691 / [andries@rata.org.za](mailto:andries@rata.org.za))  
 Vir uitstallings van die voertuig, kontak diak Andries Pretorius

## Betaalde advertensies in hierdie nuusbrieff

**Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente 'n projek prominent wil bekendstel, kan in hierdie nuusbrieff geplaas word. (Tekskennisgewings van gemeentes is gratis.)** Indien 'n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, **moet dit 15,5 cm breed x 6,5 cm hoog wees, resolusie 1878 x 815 pixels, 150-300 dpi.**

Stuur die voorgestelde **teks van nie meer nie as 75 woorde** met of sonder eenvoudige grafika of 'n foto saam met die bewys van betaling aan mev Tessa Oppermann, per faks na 086 633 4059, of per e-pos na [produksie@nhk.co.za](mailto:produksie@nhk.co.za). GEEN advertensie sal geplaas word sonder die betalingsbewys nie.

Die **teks en bewys van betaling** moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Dinsdag voor die betrokke uitgawe se verskyning. *Blitspos* word normaalweg Woensdae saamgestel en verskyn dan die Donderdag. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasinge.

**Die koste is R250 per plasing (BTW ingesluit).** Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + Blitspos. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om 'n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.**

A black and white photograph of a person's silhouette from behind, standing in a long, dimly lit tunnel. The tunnel walls are lined with rows of small, circular lights that create a strong sense of perspective and depth. The person's head is slightly tilted, and their arms are at their sides. The overall mood is contemplative and serene.

## Gebed vir die week

Here, ten diepste glo ek in u liefde en genade.  
Ek glo dat U, ter wille van u Seun,  
deernis het met die weerbarstige harte van mense  
en dat U vergifnis aan hulle bewys.  
Daarom: Help my tog in my ongelooftog  
deur hierdie eensame, donker nag van die siel  
wat ek nou belewe.

Help my om in hierdie donker tunnel  
van hartseer en trauma  
te bly glo in 'n stil dagbreek wat sal kom.  
Om, vasgevang in die donker doolhowe van onsekerheid,  
te bly glo dat die genesende strale van u son  
op 'n manier geboorte sal gee  
aan nuwe moontlikhede.

Here, ek glo dat u kragtige liefde  
die mure van pyn rondom my kan afbreek,  
sodat ek die nuwe lewe en hoop wat u gee,  
kan raaksien.

Here, Here, laat u Gees in my, namens my  
glo dat daar regtig lig sal wees  
wanneer die middernaguur verbygegaan het.

**Randle Manwaring**

(Uit: *Die groot gebedeboek*, Piet Naudé 2014)